

21 Februarie 2021

genoot



NGK Rustenburg-Suid

**Kantoor:** Ure Maandag tot Vrydag: 10:00 – 14:00

Landlyn: 014 592 2419

Selfoon: 071 436 0102

E-pos: [ngrbsuid@gmail.com](mailto:ngrbsuid@gmail.com)

**Webblad:** [www.ngrustenburgsuid.co.za](http://www.ngrustenburgsuid.co.za) (Gaan gerus na ons webblad en registreer om die Kruisgenoot per e-pos te ontvang.)

### KERKPROGRAM

#### Sondag, 21 Februarie

09:00 Erediens (In kerk)

TWEEDE LYDENSWEEK

#### Sondag, 28 Februarie

09:00 Erediens (In kerk)  
DERDE LYDENSWEEK

#### Vrydag, 5 Maart

Wêreldbiddag vir vroue

#### Saterdag, 6 Maart

Wêreldbiddag vir mans



### NOG 'N JAAR VAN SEËN



<u>DATUM:2021</u>	<u>NAAM</u>	<u>VAN</u>	<u>TELEFOONNOMMER</u>
02-21	Susan	Saaiman	014 5334 046
02-24	Marius	Beukes	
02-24	Carol	Kruger	
02-24	Dorothy	Maritz	
02-24	Kay-lee	Schoeman	014 5773 397
02-25	Joan	Breet	014 5922 430
02-25	Willie	Heyneke	076 9667 191
02-25	Ronaldo	Odendaal	082 6511 633
02-25	Leon	Swart	074 8454 419
02-27	Andrew	Fitzgerald	
02-27	Refilwe	Pilane	060 8942 829



## K O M O N S B I D V I R



### KANKERPASIËNTE

Wimpie Espach	014 592 5162
Gerhard Derks	082 334 8586
Marjorie Landsberg	082 375 9282
Anonieme lidmaat	

### SIEK OF IN HOSPITAAL

Annatjie Smuts	082 875 2124
Tina Bronkhorst	083 632 0592
Marie Erasmus	083 321 8039
Annatjie vd Merwe	082 923 0277
Natie Bredenkamp	082 429 8129

Eric Boucher	082 779 4609
Pat Ellis	083 4334 324
Willem Steyn	083 682 3232
Linda Vorster	082 428 7650
Pieter Combrink	014 592 5162
Johan Crous	072 200 6270
Nic Pieterse	083 398 5941

### SPESIALE VOORBIDDING

Hansie, Bessie Ströh	014 533 4349
----------------------	--------------



## DIE OMGEKEERDE TIEN GEBOOIE

Omdat Jesus die Wet vir ons volkome vervul het, word die 10 gebooe in Hom, 10 beloftes aan ons.

### DIE VIERDE GEBOD

Sorg dat jy die sabbatdag heilig hou. Ses dae moet jy werk en alles doen wat jy moet, maar die sewende dag is die sabbat van die Here jou God. Dan mag jy geen werk doen nie. (Verkort)

### DIE BELOFTE

As ek die ereplek in jou lewe het, belowe Ek jou dat die Sondag die hoogtepunt van die week vir jou sal wees. Dit sal vir jou 'n vreugde wees om kerk toe te gaan – 'n dag, nie om teen op te sien nie, maar na uit te sien.

## EREDIENSTE BINNE DIE KERK WORD HERVAT

Na aanleiding van die nuwe reëlings onder vlak 3 van die inperking, mag ons weer eredienste binne die kerk hervat. Die maksimum aantal persone wat toegelaat word is 50 persone per diens.

Dienste binne die kerk word hervat vanaf Sondag, 21 Februarie. **BESPREEK** asseblief u plek by die diens voor Vrydag, 13:00 elke week by een van die volgende telefoonnommers: 014 5922 419/071 436 0102.

Covid-maatreëls geld: dra maskers, behou sosiale afstande, saniteer voor die diens en vul die bywoningsvorm in die voorportaal in.

## GETUIENISSE

Indien lidmate van ons kerk dalk enige getuienisse met ons gemeente wil deel, stuur dit asseblief aan:

[jmlabuschagne13@gmail.com](mailto:jmlabuschagne13@gmail.com)

## HEIDELBERGSE KATEGISMUS


**Vraag 42:** As Christus dan vir ons gesterf het, waarom moet ons ook nog sterwe?

**Antwoord:** Ons dood is nie 'n betaling vir ons sondes nie (a), maar slegs 'n afsterwe van die sondes en 'n deurgang tot die ewige lewe (b).

(a) Mark 8:37; Ps 49:8. (b) Fil 1:23.

## DIE WAPENRUSTING VAN GOD: (EF. 6)

Die swaard van die Gees.



Helm van verlossing.

Die skild van geloof.

Gordel van waarheid.

Borswapen van geregtigheid.

As skoene die bereidheid vir die evangelie van vrede.

Trek die volle wapenrusting van God aan, sodat julle staande kan bly teen die liste van die duiwel. Want ons worstelstryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen die owerhede, teen die magte, teen die wêreldheersers van die duisternis van hierdie eeu, teen die bose geeste in die lug.

Daarom, neem die volle wapenrusting van God op, sodat julle weerstand kan bied in die dag van onheil en, nadat julle alles volbring het, staande kan bly. Staan dan vas, julle lendene omgord met die waarheid, die borswapen van geregtigheid aan en as skoene aan julle voete die bereidheid vir die evangelie van vrede.

Behalwe dit alles neem die skild van die geloof op waarmee julle al die vurige pyle van die Bose sal kan uitblus. En neem aan die helm van verlossing en die swaard van die Gees - dit is die Woord van God - terwyl julle met alle gebed en smeking by elke geleentheid bid in die Gees, en juis daartoe waak met alle volharding en smeking vir al die heiliges.



# BYBELLIGGIES



## Bileam se donkie




Pappa sing altyd: "O, die donkie is 'n wonderlike ding..."

Donkies moet wonderlik wees. Bileam se donkie kon dan praat!



Die HERE het Bileam se donkie laat praat. Ons Here is ongelooflik! Hy doen wonderwerke.



Numeri  
22:22-35

## JESUS SE SOLDAATJIE

Ken julle nog hierdie mooi liedjie? Kyk of jy dit nog kan sing.



Ek is nie 'n stapsoldaatjie nie,  
'n rysoldaatjie nie,  
'n vliegsoldaatjie nie.

Ek is nie 'n skietsoldaatjie nie;  
Ek is Jesus se soldaatjie  
Ja, Meneer.

Ek is Jesus se soldaatjie  
Ja, Meneer.

Ek is Jesus se soldaatjie.  
Ja, Meneer.

Ek is nie 'n stapsoldaatjie nie,  
'n rysoldaatjie nie,  
'n vliegsoldaatjie nie.

Ek is nie 'n skietsoldaatjie nie;  
Ek is Jesus se soldaatjie  
Ja, Meneer.

Ek is Jesus se soldaatjie  
Ja, Meneer.

Ek is Jesus se soldaatjie.  
Ja, Meneer.